# Kersdiens:
# Volg die Lig



**2025-12-25 AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Joh 3:16-21

Joh **3:16 Want so lief het God die wêreld gehad**, dat Hy sy **eniggebore Seun gegee** het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh 3:17 Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, **maar dat die wêreld deur Hom gered kan word**.
Joh 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.
Joh 3:19 En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die **duisternis liewer gehad as die lig**; want hulle werke was boos.
Joh 3:20 Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.
Joh 3:21 **Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.**

Mat 2:2 en gesê: Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.



2

# Jesus is die Lig

Jes 9:1  Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn.

Jes 60:1  Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.

Joh 8:12  En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: **Ek is die lig van die wêreld**; **wie My volg**, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.




3

# Versoening

1Jn 2:1  My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.
1Jn **2:2  En Hy is 'n versoening vir ons sondes**, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.



Joh 1:9  Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

4

# Liefde

1Jn 2:8 En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en **die waaragtige lig skyn alreeds**.
1Jn 2:9 Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.
1Jn 2:10 **Wie sy broeder liefhet, bly in die lig,** en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.
1Jn 2:11 Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.




5

# Wandel in die Lig

Eph 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.



6

# Jesus Christus – Ons Verlosser

Kol 1:15 Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;
16 want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.
17 En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.
18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.
19 Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon
20 en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis—ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.
21 Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen
22 in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel;
23 **as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie,** wat julle gehoor het en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

7